HUUR VOORWAARDES

1. OKKUPASIE VOORWAARDES

1.1 Die huurperiode begin vanaf 14h00 op die dag van aankoms en eindig om 10h00 op die dag van vertrek.U bespreking sal na 20h00 op u arriveer dag gekanselleer word, behalwe as u vooraf reëlings getref het vir laat aankoms.

1.2 Die sleutels van u huis / woonstel / eenheid is by die kantore van DU MACHA VERHURINGS verkrygbaar. My kantoor is te nr 4, Ellis Gebou, Kompanjielaan, Hartenbos. ***AANWYSINGS*** – U kom Hartenbos in by die verkeerslig, Engen Motorhawe aan linkerkant, eerste straat na motorhawe links - Kompanjielaan -(tussen Wimpy & Spar), eerste parkeer terrein weer links - Nr 4 Ellis gebou aan linker-kant (Vis innie Bos, Avonia's Haarsallon, *Du Macha Verhurings*, Janesco Liquorland, Hartenbos Hardeware). (GPS koordinate – S34 07.464' E 022 06.560')

1.3 KANTOOR URE :

Maandag tot Donderdag :	09h00 tot 17h00
Vrydag :	09h00 tot 16h00
Saterdae, Sondae & Vakansiedae :	Oop vanaf 11h00 slegs vir besprekings ontvang.

2. BETAALVOORWAARDES

2.1 'n Een derde deposito word betaal om bespreking te bevestig. Die balans is met aankoms by die kantoor betaalbaar. Slegs kontant of bankgewaarborgde tjeks (MET BANK SE STEMPEL) word aanvaar (geen uitsonderings sal gemaak word nie) – GEEN persoonlike / besigheids tjeks (silwer, goud, platinum), GEEN krediet- of debietkaarte word aanvaar nie! U kan ook met aankoms van ons internet gebruik maak om 'n elektroniese oorplasing (EFT) te doen.

3. ALGEMEEN

3.1 Geen troeteldiere word toegelaat nie.

3.2 Geen tente word toegelaat nie.

3.3 Reg van toegang voorbehou.

3.4 Let asseblief op na die **BEDDEGOED** gedeeltes op alle eenhede / besprekings, sodat daar geen misverstande met aankoms kan wees nie.
Met "bring eie linne" word bedoel – lakens, kussingslope & duvet oortreksels.
Met Geen – bring AL u eie beddegoed, linne, duvets asook kussings.
Met Beddegoed Ingesluit – word 1 stel voorsien, u is self verantwoordelik van was en ruil gedurende besprekings tydperk.
Geen beddegoed word vir sleeper couches voorsien nie – bring eie.

3.5 Handdoeke & vadoeke word nie voorsien nie, bring dus u eie.

3.6 Nie alle vakansie-eenhede voorsien 'n rooster nie, bring dus veiligheidshalwe u eie rooster saam.